ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

India's National Spiritual Newspaper — AFRIKAANS ₹ *10/-*

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** — **- In 16 Tale** — ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIII **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, FEBRUARY 2020** **No. 11**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 20:1-9

1. Mag die HERE u verhoor in die dag van benoudheid! Mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.
2. Mag Hy u hulp stuur uit die heiligdom en u ondersteun uit Sion!
3. Mag Hy al u graanoffers onthou en u brandoffers aanneemlik vind.
4. Mag Hy u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk.
5. Ons sal juig oor u oorwinning en in die Naam van ons God die vaandels ontplooi. Mag die Here alles gee wat u vra.
6. Dit weet ek: die Here sal aan sy gesalfde die oorwinning gee! Uit die heilige hemel verhoor die Here sy gebed; die Here gee deur sy groot mag aan hom die oorwinning.
7. Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.
8. Húlle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan.
9. Here, gee tog aan die koning die oorwinning. Mag die Here ons gebed verhoor wanneer ons na Hom roep.

Kry 'n beeld van jou toekomstige self!

"…Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee …"

(Deuteronomium 30:20)

(Boodskap gelewer deur **Pastoor S. Sam Selva Raj** in die Moederkerk)

Mense van hierdie wêreld smag na 'n verbetering in hulle lewe en 'n lang lewe sonder siekte, en om dit te bereik, doen hulle baie moeite. In hierdie strewe behaal sommige oorwinning en baie beleef mislukkings. Daar is 'n spreekwoord dat alle geleerdes nie presteerders is nie, en almal wat presteer, nie geleerd is nie. Om enigiets in hierdie wêreld te bereik, het 'n mens die guns en genade van God nodig.

Die almagtige God het baie goeie dinge en moderne toestelle gegee slegs deur sy mense wat vas in Hom geglo het. Deesdae gebruik ons baie dinge soos elektrisiteit, verskillende soorte gloeilampe, motorvoertuie, tweewielers, vliegtuie, treine, trekkers, horlosies, kameras, naaimasjiene, medisyne, ens. Maar as ons die agtergrond nagaan van die uitvinders van hierdie dinge, sal ons verbaas wees om te sien dat ons lewende God agter al hierdie uitvindings is. Mense wat dus nie die Skepper geken het nie, kon baie min uitvind in hierdie wêreld. Maar ons geniet almal die vrugte van die uitvindings van God se mense.

God wil hierdie jaar iets nuuts doen deur jou. Die plan van God en die voordeel van wat Hy doen, behoort aan almal, soos ons die wind en reën geniet. God trek niemand voor nie (Efesiërs 6:9). Daar is alle kans dat die plan van God deur jou geopenbaar mag word en jy is geweldig geseënd. Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy

... verv. op bls. 2

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



"U kroon die jaar met u goeie gawes"

(Psalm 65: 11).

Liewe Vriende in die Here Jesus Christus,

Ons groet julle in die dierbare Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus! Ons is so dankbaar teenoor God vir die seëninge wat Hy uitgestort het op sy bediening deur die lewens van mense van verskilende kulture aan te raak met sy Evangelie. Ons is baie dankbaar teenoor julle dat julle hierdie nuusbrief lees, vir ons bid en ons ondersteun.

Soos julle weet, was ons baie besig vanaf 1 Desember 2019 tot 31 Januarie 2020 om die heerlike Evangelie uit te dra deur ons uiteenlopende bedienings. God het tot dusver voorsien in ons basiese behoeftes as ons getroue Meester en het ons gelei om sy visie vir die nasies te vervul.

Ons word bemoedig deur julle briewe, SMS'e, e-posse, WhatsApp, telefoniese boodskappe, ens. God seën julle in oorvloed vir julle goedheid. Ons bedank al die vriende wat vir ons groete gestuur het deur SMS'e en Whatsapp-boodskapppe.

Ons het goeie antwoorde gekry van God op ons Gebedsversoeke genoem in die Januarie 2020 uitgawe van **Echo of His Call**. Ons is regtig trots op ons gebedsvennote en ondersteuners.

Elke jaar kom al ons studente wat in ons St. Paul's Matriculation School studeer met goeie punte deur in hulle Staatseksamen. Hierdie jaar vra ons weer julle gebede vir die sukses van ons studente in die komende Staataeksamen wat in April 2020 geskryf gaan word.

Ons vra julle gebede vir ons Kerke, Publikasies in 16 tale, Nehemia Bybelkolleges, Evangeliese Drukpers en ander aktiwiteite. Ons is so lief vir julle in die Here en bid vir julle.

Mag God julle seën.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls.1

hef die armes op van die ashoop af (1 Samuel 2:8). Jy mag dalk alles verloor het in die lewe, maar onthou jy verloor nie jou toekoms nie! Wees voorbereid en kom na vore om die seëninge wat die Here Jesus Christus gereed hou vir jou, te beërf!

Ek het 'n soortgelyke situasie belewe, so vyftig jaar gelede. Onder my vriende en verwante was sommige verslaaf aan drank en dwelms, het geboer in die fliek, slagoffers van die begeertes van die vlees, afgodsdienaars, leuenaars, boelies wat lief was om te steel, liefhebbers van geld en mense wat die Woord van God versmaai het. Ek was self ook nie vry van hierdie sedeloosheid nie. Maar ons Here

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

Jesus Christus het my in genade gered daarvan om my in ernstige sondes te verlustig! Op hierdie stadium moes ek net eenvoudig 'n besluit neem.

Terwyl ek in 'n warboel was, het Broer G. Jeyanath Paulmony, 'n klasmaat van my, 'n evangeliese traktaatjie in my hand gedruk en my gevra om dit te lees. Die traktaatjie is gepubliseer deur Broer Samuel Daniel wat in Tsjennai gewoon het. Ek het die traktaatjie in twee minute deurgelees. Die boodskap van die traktaatjie was dat Jesus Christus jou liefhet. Dit het my baie aangetrek. Ek het die traktaatjie oor en oor gelees!

Ek het begryp dat die Here Jesus Christus ons geleer het wat goed is en wat sleg is. Dus het ek begin soek na die goeie. Die Here het my gegryp. "Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is…." (Psalm 4:3). Ek het my hele hart en toekoms onvoorwaardelik aan Hom gegee. Ek het geluk in my binneste ervaar.

"Die man wat ek liefhet, is blakend gesond en blosend van kleur; jy kan hom uitken tussen tien duisend ander. Sy voorkop is soos suiwer goud, sy haarlokke soos dadeltrosse, so swart soos 'n kraai. Sy oë is soos die duiwe langs die spruite, duiwe wat lyk of hulle in melk gewas is waar hulle langs die water sit. Sy wange is soos die kruiebeddings waar lekkerruik-kruie groei. Sy lippe is soos lelies, hulle drup van mirre. Sy hande is soos stawe goud, met edelstene ingelê. Sy lyf is soos 'n blok ivoor, met saffiere ingelê. Sy bobene is soos marmerpilare wat op goue voetstukke rus. Sy voorkoms is soos dié van die Libanon, indruk-wekkend soos die seders. Sy mond smaak soet, alles aan hom is begeerlik. So lyk die man wat ek liefhet, so lyk my lewensmaat, vroue van Jerusalem!" (Hooglied van Salomo 5:10-16).

In Jesus het ek 'n heilige vriend gevind en die kennis om Hom as my Verlosser te aanvaar. Hierdie keuse het my lewe omgekeer!

Ek het moeilik gepraat, was stadig in studies, het geen politieke agtergrond gehad nie en geen finansiële ondersteuning of mannekrag nie. Maar die Here Jesus Christus het my opgetel. Ek ly nou geen gebrek nie. Dieselfde Jesus sal jou ook optel. Kom na Hom toe!! Vooruitgang in die lewe is verseker!!!

Dit is 'n groot voorreg wat die Here aan die mensdom gegee het! As jy na vore kom en dit kies, sal dit vir jou 'n voorreg in jou lewe wees!! Jy kan langs hierdie weg die skatte van die hemel beërf!!! 'n Goeie keuse beteken dat jy 'n keuse maak waarvan die Here hou!

Jou vorige lewe mag bitter wees, maar jy hoef nie te vrees vir die toekoms nie, moenie vrees nie. Daar is goeie nuus wat op jou wag! Kan jy jou eie toekoms kies? Wil jy 'n vredevolle toekoms hê? Dit is in jou hande! Die Here het by baie geleenthede met jou gepraat. Neem vandag 'n besluit om Hom met toewyding te gehoorsaam. Die besluit is joune. Jy het nie die hulp nodig van iemand anders nie, want dit is nie anderkant die see nie, dit is nie bo in die hemel sodat iemand moet opklim en dit vir jou bring nie. Die ding wat jy moet doen, is om die Here te glo met jou hart en te bely met jou mond. Jou toekoms hang af van die geloof wat jy in jou hart bou en die woorde wat jy met jou mond verklaar.

"Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie te moeilik vir jou nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie. Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy nie hoef te sê: 'Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe' nie. Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daaroor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe (Deuteronomium 30:11-14).

Die Here het 'n voorskrif gegee vir lewe en 'n lang lewe en 'n lewe van oorwinning in Deuteronomium 30:20, op 'n eenvoudige, duidelike manier. Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou: "Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee …"

1. JY MOET GOD LIEFHê!

Die liefde van hierdie wêreld is deur sommige mense in die verkeerde dinge belê. "Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het. Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se

liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe" (1 Johannes 2:14-17).

Kyk na die nuus van die wêreld. Orals is daar moord, roof, verkragting, ekonomiese misdade, ens. wat die lewe van die gewone man affekteer. Al hierdie dinge vind plaas omdat mense hulle liefde op die verkeerde plekke gesaai het. Mense dink nie aan God, die Skepper nie en baie plaas hulle geloof in die geskape dinge. Die Bybel sê: "Dink aan jou Skepper in jou jong dae" (Prediker 12:1). Die aantal mense wat hulle lewens aanbied aan politieke leiers en diegene wat hulle verlustig in verkragting en moord het in die laaste tyd toegeneem. Hulle het hulle Skepper vergeet. Die Here Jesus Christus het gesê, "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matteus 6:33). Baie min mense luister na hierdie oproep en tree op.

Dit beteken eerstens, gee voorrang aan God in al die aktiwiteite in jou lewe. Terwyl jy dit doen, sal jy tekens en wonders in die lewe sien.

Ek wat hier met julle praat, ondervind dit in my lewe. Ek kan voor julle getuig dat in al my rykdom, tyd, opvoeding, gesondheid, ens. ek voorrang gee aan my Here. Dis die rede waarom die Here my gebruik as 'n kanaaal van seën vir duisende mense. Kom jy ook na vore! Die Here sal niks wat aan jou behoort, wegneem nie. Die Here sal jou en jou werk baie voorspoedig maak en baie aan jou en ook jou nageslag skenk.

Julle mense wat julle liefde belê in vleeslike begeertes, bedwelmende vervoering en verleidelike plesier, gee julle liefde aan God en kyk wat is die resultaat. Dit is 'n uitdaging. Niemand anders kan so 'n getroue en liefhebbende vriend in die wêreld wees as ons Here Jesus nie.

'n Groot aantal mense ly vanweë die sonde van hulle oë en die begeerte na geld, en hulle kan nie loskom daarvan nie. Moderne uitvindings soos televisie, internet en selfone help hulle in hulle sondes. Sommige mense word versoek deur hulle afgode (helde), hulle leefstyl en rykdom. Hulle verlustig hulle in misdaad en beland in tronke en hospitale met ongeneeslike siektes.

Geliefdes, waarin belê julle vandag julle liefde? Het julle dit op die regte plek belê? Kan jy jou voorstel waar dit gaan eindig? As die Here jou aktiwiteite bestraf, kom uit die modder en kyk na die heilige gesig van Jesus.

Die verdorwenheid wat sinlike begeerte is, is gevaarlik. Die Here beskou dit so dat trotse mense in opstand is teen Hom. God weerstaan die hoogmoediges (Jakobus 4:6). Party mense, hoewel hulle arm is, spog asof hulle ryk is. As hulle deur iemand ontmasker word vir wat hulle is, voel hulle te na gekom. God gee genade aan die nederiges (Jakobus 4:6). Moet dan nie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in hom nie (1 Johannes 2:15).

2. LUISTER NA DIE STEM VAN JESUS CHRISTUS

Jesus Christus roep mense deur ander mense, drukwerk en media. Hy roep jou ook. Hy wil vir jou 'n nuwe lewe gee! "Kom na my toe, almal wat moeg en oorlaai is, en ek sal julle rus gee" (Matteus 11:28).

Baie mense in die wêreld word mislei deur persone wat aanspraak maak daarop dat hulle boodskappers van 'n god is of 'n mensgeworde god. Maar niemand het arm geword omdat hulle Jesus gevolg het nie. Dawid, die koning

... verv. op bls. 6

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Februarie 2020 tot 18 Maart 2020

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Februarie 19: Loof die Here ons God vir ons toegewyde werk en eenheid.

Februarie 20: Laat ons God loof vir die ondersteuners van **Echo of His Call se Bedienings.**

Februarie 21: Laat ons God loof vir ons tegniese personeel en hulle gesinne.

Februarie 22: God seën ons 7 dienste in 5 tale in ons Moederkerk.

Februarie 23: God het ons geseën in ons Moederkerk en wykskerke.

Februarie 24: Laat ons God loof vir die Hoof, onderwysers en personeellede van ons **St. Paul's Matriculation School.**

Februarie 25: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Februarie 26: Ons Here doen wonderwerke in ons Hospitaalbediening.

Februarie 27: Laat ons God prys vir die Gebedsvennote, Geloofsgenote en Groot Opdrag-vennote van ons **Echo of His Call Bedienings.**

Februarie 28: God het verlede jaar ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

Februarie 29: Laat ons God prys vir ons medewerkers in ons Moederkerk.

Maart 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call Bedieninge** in die laaste maand geseën.

Maart 02: Laat ons God loof vir die beskerming van ons voertuie en bestuurders.

Maart 03: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Maart 04: dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die **Echo of His Call Bedieninge.**

Maart 05: Laat ons bid vir die studente van ons Basiese Bybelkorrespondensiekursusse en Teologiese Korrespondensiekursusse.

Maart 06: Bid dat alle dwelmverslaafdes sal loskom uit hulle verslawing.

Maart 07: Bid dat jong seuns en dogters van ons volk naby God sal leef.

Maart 08: dat die Here onder ons kerklidmate 'n gees van gebed sal gee vir die werkers in die sendingveld.

Maart 09: Laat ons bid vir ons Afrikaanse Mederedakteur, Sr. Marietjie Nelson en haar gesinslede.

Maart 10: Bid tot God om vrede te gee oral op die wêreld.

Maart 11: Mag God toegewyde studente gee vir ons **Nehemia Bybelkolleges** vir die jaar 2020-2021.

Maart 12: dat God meer gebedstryders sal oprig om te bid vir 'n herlewing in alle lande.

Maart 13: dat die Here ons God ons voldoende finansiële ondersteuning sal gee om 'n Voumasjien en 'n Krambindermasjien te bekom vir ons Evangeliese Drukpers.

Maart 14: dat God 'n ondervinding van verlossing sal gee vir ons politieke leiers.

Maart 15: Laat ons bid vir die uitbreiding van **Echo of His Call se Bedienings.**

Maart 16: Bid vir 'n soeke na berou onder alle nie-gelowiges en terroriste oor die wêreld.

Maart 17: dat die Here ons God asseblief vir ons voldoende personeel sal voorsien vir ons kantoor en skool.

Maart 18: dat ons Here steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin sal beskerm teen alle bose gruweldade van die wêreld.

verv. van bls.4

van Israel, het verklaar, 'Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie' (Psalm 37:25).

"Prys die Here, julle hemelinge! Prys die Here om sy eer en mag. Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning! Die stem van die Here weerklink oor die waters. Dit is die magtige God wat die weer laat dreun; die Here self is op die groot waters! Die stem van die Here is magtig, die stem van die Here is vol majesteit. Die stem van die Here kloof die seders van die Libanon oop. Hy laat die Libanon bokspring soos 'n kalf en die Sirjon soos 'n jong bees. Die stem van die Here laat weerlig uitslaan. Die stem van die Here laat die woestyn bewe. Die Here laat die Kadeswoestyn bewe. Die stem van die Here laat die wildsbokke ruk van skrik; dit stroop die bosse kaal. In sy paleis roep almal uit: 'Hoe geweldig!' Die Here heers oor die watermassas, Hy heers vir altyd as koning. Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed" (Psalm 29:1-11).

Die Here Jesus Christus roep jou met erns. Hy wil jou in hierdie nuwe jaar 'n nuwe lewe gee en jou skoonheid sien. Die Here Jesus Christus klop met hierdie boodskap aan jou hart. Moet Hom asseblief nie ignoreer nie.

Jy mag vir 'n lang tyd 'n Christen wees! Jy mag die Here dien!! Jy mag groot bedrae gee as dankoffers!!! Maar die Here is begaan daaroor dat jy jou eerste liefde verloor het! (Openbaring 2:4).

Met verloop van tyd kan 'n mens jou gebedstyd verkort, en jou gebede en hulle heiligheid en glans verloor. Mense mag minder getrou word in hulle geldsake en persoonlike lewe. Stel die dinge onmiddellik reg. Die Here Jesus wat gemoeid is met jou lewe mag binnekort verskyn in die hemelruim. "Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag." (1 Tessalonisense 5:2). Daar is nie meer ruimte vir berou wanneer die Here sy mense weggeneem het nie. Die Here Jesus sal op die wit troon sit en die wêreld oordeel. Hulle wat na Hom toe kom, is die geseëndes!

Lees met ywer oor die dinge wat gou gaan gebeur

"Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie. Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het. Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi" (Openbaring 20:11-15).

Het ons nie ontkom nie?

"Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is 'n volk wat deur die Here verlos is! Hy beskerm en help jou. Hy gee mag aan jou, jou vyande kruip voor jou, en jy sal oor hulle offerplekke stap" (Deuteronomium 33:29).

3. HOU VAS AAN HOM, HY IS JOU LEWE EN 'n LANG LEWE.

Geliefdes, my lang lewe van vashou aan die Here Jesus Christus is aangenaam en vrugbaar. Ek sê dit vir julle nadat ek dit self geproe het. As jy hierdie geleentheid mis, sal jy baie dinge verloor en voor in die ry van verloorders staan. Jy mag dalk spyt kry omdat jy Jesus nie aanvaar het en 'n lewe van oorwinning gelei het nie. Dus is dit nou hoog tyd dat jy na Jesus kom! Jy sal geseën word!! Gee jou hele lewe oor aan die Here Jesus Christus. Hy sal jou 'n lang en geseënde lewe gee! Laat die reëls van die volgende lied jou ondervinding in die lewe wees.

1. Neem my lewe, laat dit, Heer
U gewy wees meer en meer.
Laaat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.

2. Neem my hande, maak hule sterk --
diensbaar in u goeie werk.
Neem my voete, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer.

3. Neem my stem en laat my sing --
aan U, Here, hulde bring.
Laat my mond die boodskap dra
Hul sal vind wat na U vra.

4. Neem my goud en silwer, Heer --
niks noem ek my eie meer.
Al my kennis en verstand
stel ek in u vaderhand.

5. Maak my hart vir U tot troon
deur u Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad
altyd na u wyse raad.

6. Neem my liefde, Heer, ek stort
Alles voor u voete uit.
Neem myself en ek sal wees
Ewig U s'n, net van U.

****

TROOS MEKAAR!

Wanneer daar 'n groot aantal mense in ons gemeenskap is wat getroos moet word, vind ons dat mense hulle veroordeel in plaas daarvan om hulle te troos. As 'n arm man 'n ryk man nader vir geldelike hulp, word daar op hom geskree en hy word weggestuur. As 'n ongeleerde man 'n manier soek om sy brood te verdien, word hy uitgebuit en gekul. In plaas daarvan dat die persoon op sy siekbed getroos word, word kwetsende woorde gespreek wat sy siekte erger maak.

Dis vir sulke mense dat God "kerkvergadering" aandui as 'n manier om getroos te word. In die Bybel deur Paulus leer God ons om mekaar te troos (1 Tessalonisense 4:18). Paulus gee nie net 'n opdrag nie, maar vertel ook hoe die opdrag uitgevoer word. Hy skryf: "Troos mekaar dan met hierdie woorde." Mag God tot ons spreek oor hoe om te vertroos en hoe om vertroos te word, deur hierdie boodskap.

God openbaar drie belangrike dinge in hierdie stuk (1 Tessalonisense 4:16-18). Meer as enige ander woorde het "hierdie woorde" 'n diepe betekenis en is nuttig.

1. DIE HERE SELF (JESUS) SAL NEERDAAL

In die eerste eeu na Christus is Christene deur konings soos Herodes vervolg. Baie het as martelaars gesterf. Gelowiges van daardie dae het nie geloof in voorspoed gehad nie. Apostels soos Petrus, Johannes en Paulus het nie oor voorspoed geleer nie. Maar hulle het 'n "wagwoord" gehad net vir hulle onder mekaar en dit was "Maranatha" wat beteken "Jesus kom weer". Hierdie woorde en die geloof wat in die vroeë Christene gevind is, het hulle verkwik en geïnspireer om 'n sondelose heilige lewe te lei om die Here Jesus Christus te ontmoet. Die heerlike erfenis in die hemel was vir hulle aantrekliker as die glansryke seëninge van hierdie wêreld. Hulle het God voortdurende geprys in die kerke. Selfs terwyl hulle swaarkry verduur het, kon hulle uitroep, "om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins" (Filippense 1:21). Wanneer hulle deur moeilikhede gekonfronteer is, het hulle dapper gesê, "maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus (Filippense 3:13, 14).

'n Siekte kan genees word, maar dis nie die einde nie. Soos wolke weer en weer verskyn na die reën, kom siektes een na die ander in ons lewens. As 'n persoon sy skuld betaal het, voel hy dalk verlig. Maar hierdie verligting is nie permanent nie. Omdat hulle dit geweet het, het die vroeë gesalfde Christene wat die krag van Jesus Christus begryp het, mekaar nie getroos in wêreldse woorde nie, maar gesê "Maranatha" wanneer hulle ander wou troos.

Hoe vertroos ons vandag ander mense? Hoe word ons deesdae getroos? Word ons getroos as ons geld kry? Word ons getroos wanneer ons van een of ander siekte ontslae raak? Word ons getroos deur 'n werk met 'n hoë salaris? Al hierdie dinge is nodig. Bo al hierdie troosvolle dinge, het ons 'n permanente troos. Die tweede koms van Jesus Christus is ons permanente troos. Laat ons onsself nou voorberei om permanent getroos te word. Mag God ons die genade gee om ander ook met hierdie woorde te vertroos.

2. EN DIE DODE IN CHRISTUS SAL EERSTE OPSTAAN (1 Tessalonisense 4:16).

Die dood is 'n pynlike ervaring in elkeen se lewe. Ons moes onsself al in situasies bevind het waar ons kon gewonder het hoe om mense te troos wat dierbares verloor het. As Christene nader ons sulke mense en sê "Mag die Here die leë plek vul wat deur die afgestorwene veroorsaak is". Ander mense benader sulke mense psigologies of intellektueel en probeer hulle troos. Hoewel ons in 'n mate kan troos, word die permamente troos slegs gevind in

die woorde van Paulus. In Spreuke lees ons, “die regverdige het 'n toevlug, ook in sy dood” (14:32). Die regverdige mens het ’n sterk geloof in die ewige lewe wat hy sal hê na die dood en hy weet hy is gelukkig om eers uit die dood op te staan wanneer Christus weer na die wêreld toe kom. Maria wat die eerste was om die opgestane Christus te sien, is met groot blydskap vervul. Net so, is dit nie ook ’n groot vreugde om te weet dat die Koning van die konings en die Here van die here eerste gesien sal word deur die heiliges wat dood is, selfs voor die heiliges wat nog leef nie? Dis met hierdie vreugde in gedagte dat Paulus skryf, “Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?” (1 Korintiërs 15:55). Laat ons met hierdie woorde die siekes vertroos en die mense wat geliefdes verloor het.

Terselfdertyd roep die Here ons om ons aan te sluit by ’n kerk waar mense mekaar op hierdie manier vertroos. Sodat ons die voorreg sal geniet om eerste op te staan by die tweede koms van die Here Jesus Christus.

3. ONS SAL ALTYD BY DIE HERE WEES

“Om altyd met Christus te lewe” is die grootste hoop van alle hoop en dit is hierdie hoop wat die Here aan sy mense gee wat in geloof lewe en op Hom vetrou. Paulus skryf dat hy “verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees” (Filippense 1:23).

Mense wat ’n eensame lewe lei, word nooit getroos nie. Die mens kan nie die situasies van alleenheid en leegheid hanteer nie. In sulke tye is dit ’n aangename feit dat Christus weer sal kom en dat ons vir altyd saam met Hom kan lewe wat ons ware vertroosting gee. Ons moet ook weet wie dit sal geniet om altyd saam met die Here te leef. Hoewel ons seker is van so ’n lewe in ewigheid, moet ons in die wêreld self ’n lewe in Christus lei. So ’n lewe sal ons vertroos en ons voorberei om vir altyd saam met Hom te leef na sy wederkoms. “Henog het met God gewandel” (Genesis 5:24). “Dit is goed vir my om naby God te wees” (Psalm 73:28). Ons lees die psalmis sê dat hy tevrede is om te weet dat hy altyd by God is. Toe Christus ’n baba binne-in Maria was, het sy gesê “ek juig oor God, my Verlosser” (Lukas 1:47). Gemeenskap in Christus is absoluut noodsaaklik vir die lewens van die Christene om te bloei. Die grootste troos is die wete dat die Here God by ons is.

Jesus sê, “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My” (Openbaring 3:20). Hulle wat hierdie kosbare uitnodiging aanneem, sal vertroos word. Net soos die Sulamitiese wat gesê het, “Hy het my in die wynhuis ingebring, en sy vaandel oor my was die liefde” (Hooglied 2:4 AOV), laat ons so leef onder sy vaandel van liefde. Dan sal ons werklik getroos wees. Mag die genade van God met ons wees.

****

NUUS:

Verset teen kinderhuwelike

Kinderhuwelike het epidemiese proporsies bereik in Indië ten spyte daarvan dat dit met byna 50% gedaal het tot 27% (2016, UNICEF) gedurende die laaste drie dekades. Elke dag word 15,600 meisies (of byna 6 miljoen per jaar, vergeleke by die wêreldgemiddelde van 15 miljoen per jaar) onderwerp aan kinderhuwelike in Indië. Meisies word gedwing om uit die skool te gaan en hulle word slawe in hulle eggenotes se huise. Hulle loop die gevaar om te sterf as hulle swanger word omdat hulle liggame nog nie gereed is om geboorte te gee aan kinders nie.

’n Man wat al 40 jaar veg teen kinderhuwelike en vir gelyke regte vir dogters, is Dr. Ashok Dyalchand. Dr. Ashok is ’n alumnus van die Christelike Mediese Kollege in Vellore en is deur miljoene kinders gekies om die “Childs Rigts Hero” vir 2019 te wees en ontvanger van die Wêreld se Kinderprys (WCP) bekend as die “Children's Nobel Prize”. Ashok en sy organisasie IHMP het ’n Klub vir Dogters begin wat sedert 1975 ongeveer 50,000 meisies in 500 dorpies gehelp het om van hulle regte te leer en opvoeding in lewensvaardighede te ontvang. Met kennis, selfvertroue en ondersteuning van mekaar, slaag die meisies daarin om hulle ouers te oortuig om hulle nie in kinderhuwelike in te dwing nie, maar hulle eerder toe te laat om hulle skoolloopbaan te voltooi.

(Bron:https://worldschildrensprize.org/ashokstory)

- Forerunner (Augustus 2019)

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

“God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie” (Hebreërs 6:10)

In 1982 moes ek baie reis vir my bediening en terselfdertyd moes ek op my plaaslike dienswerk konsentreer. Gedurende dié tyd het ek baie pyn ondervind in my regterhand. Gevolglik kon ek nie artikels vir die tydskrif skryf nie, en ook nie sommige ander verantwoordelikhede nakom nie. Ek kon ook nie my pen vashou of enige voertuig bestuur nie. As ek my regterhand op die tafel wou hou, kon ek dit net doen met ondersteuning van my linkerhand. Ek moes op ander staatmaak vir al my werk! Bowendien het ek baie pyn verduur!

Ek het nie net gebid nie, maar ook ’n paar oefeninge gedoen. Hierdie toestand het vir byna ’n jaar aangehou. Aangesien die pyn erger geword het, het ek gedink ek sal geen verligting kry nie.

God het ’n pad gemaak

Eendag het ’n ou dienaar van God en sy vrou my kom sien. Hy het my versoek om hom te ondersteun in sy bediening. Ek het begin om hulle te gebruik in spesiale byeenkomste wat in ons kerke en bedienings gehou is. Ek moes hulle boodskappe van Engels na Tamil vertaal en ek moes hulle ook na verskillende plekke toe neem. God het hulle op ’n baie kragtige manier gebruik. Verskeie mense het Jesus Christus aangeneem as hulle persoonlike Verlosser. Ek het ook telkens gemerk hoeveel mense bevry is van chroniese rugpyn, keelpyn, ens. Sommige is ook verlos uit die werk van die bose gees. Maar ek het hulle nooit vertel van die pyn in my hand nie.

Aangesien hierdie egpaar baie oud was, moes ek hulle twee tasse dra sowel as my eie. Maar ek het dit met vreugde gedoen met die pyn in my hand. Baiekeer het daardie man van God vir my gevra, “Broer, kan jy dit behartig om al hierdie goed te dra? Kom jy reg?” Eenkeer toe ons in Munar in die staat Kerala was, het ek probeer om al ons bagasie in die bus in te laai. Maar ongelukkkig het al die tasse en bagasie van ander passasiers afgegely en op my geval, en my op die grond gedruk. Ek kan nooit vergeet hoe al die passasiers uitgeroep het en my gehelp om uit daardie verwarring uit te kom nie. Die pyn in my regterhand het dag vir dag toegeneem. Ek was ook nog besig met my dienswerk van vertaling saam met die dra van die bagasie!

Uiteindelik het die egpaar hulle bediening in Indië voltooi en na hulle land vertrek deur van Tsjennai af te vlieg. Toe ek hulle gaan afsien het by die lughawe was die pyn te erg om te verduur. Maar sodra ek teruggekom het nadat ek hulle by die lughawe gelaat het, het die pyn wat ek vir meer as ’n jaar verduur het, heeltemal weggegaan! Van toe af kon ek my hande vryelik gebruik en alle soorte werk doen!

Byna 30 jaar het verloop sedert ek daardie pyn ondervind het! Ek het nooit weer daarna daardie soort pyn vervaar nie. Ek is wonderbaarlik genees! Die waaarheid is, omdat ek hulle gedien het sonder om ag te slaan op my fisiese pyn, het die helende krag wat in daardie paar was op my geval en my genees. Ek het nooit weer later in my lewe daardie mense gesien nie. Ek kon ook nie met hulle in aanraking kom nie. Ek onthou net hulle name: Mnr. Hedges en Sally Hedges.

Vandag het God my oorvloediglik geseën met baie medepastore en werkers en ek word soos ’n kind opgepas. God beskerm my baie goed. Daar is baie mense van God wat bereid is om my te help. God het ’n klomp aangename godvresende mense gegee om my te ondersteun waar ek ook al gaan oor die wêreld!

Liewe leser, is die pad wat jy bewandel in jou bediening, baie swaar? Voel jy bitter, en wonder jy waarom God jou toelaat om honger, siekte en skuld te verduur? Dink jy as ander dienaars van God ’n lewe van weelde lei, hoekom moet jy alleen hierdie swaar so lank verduur? Moenie moeg word nie. Hoe klein die werk ook al wat jy vir God doen en hoe groot die beproewinge waaardeur jy gaan, dit is alles opgeskryf in die boek van herinnering van die Here. Op die regte tyd sal God aan hulle lewe gee en hulle almal in ’n seën vir jou verander. “Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra” (Klaagliedere 3:25).

****

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm.

******** (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th FEBRUARY 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**